# God verdien ons verwondering

*deur Ds Gerhard Bothma*

Vir pad- en brugbouers kry 'n mens hernieude respek wanneer daar in 'n bergpas gery word. Dis byna onmoontlik om te dink dat daar, daar waar daar op 'n stadium net rotse, plante en steil hellings was, nou 'n pad kan wees waarop 'n mens in gerief en met veiligheid kan ry.

Terwyl ons op die pad en die verkeer konsentreer wanneer ons bult op en bult af ry, word ons ook deur asemrowende prentjies in die landskap bekoor. Ongelukkig is daar ook telkens herinneringstekens wat bewys lewer van mense **wat hulle konsentrasie verloor het** of deur ongeluk getref is. Net soos wat die kilometers op ons motors se odometers afgetel word, kan daar op elke stuk pad getel word hoeveel voertuie deur die reëlings gebars het en lewens noodlottig of onomkeerbaar gebroke laat eindig het.

As ons verder as ons behoefte om veilig by ons bestemmings aan te kom kan dink, kan ons die natuurskoon waardeer en medelye met elke pad se slagoffers hê. As ons daarin kan slaag om nie nét op die stukkie teerpad reg voor ons te konsentreer nie, kan ons die beplanning en grond- en bouwerk wat in elke pad, brug en tonnel ingegaan het waardeer. Wanneer ons dít doen, kan ons nie anders nie as om oor die wonder van hierdie werke – en die mense wat dit bewerk het – verwonderd te raak nie.

**Met so baie mense wat hulle konsentrasie op die lewe verloor en dit waarop hulle veronderstel is om te fokus uit die oog verloor**, is dit te verstane dat daar in ons tyd baie gemaak word van menslike handelinge en verantwoordelikheid in godsdiens. Ons hoor dit gedurig: Jy moet glo. Jy moet die Here Jesus aanneem, liefhê en dien. Jy moet bid, die Bybel lees en kerk toe gaan. Jy moet arm mense help...

Natuurlik is dit alles belangrik. **Wanneer ons die wat-ek-doen-kant van ons geloof as die padoppervlak waarop ons ry sien en dit wat God doen as alles wat onder die oppervlak lê, kan ons verwonderd raak oor God.**

Op ons geloofspad is daar nie net op- en afdraendes, steiltes en gelyke vlakke en gevaartekens nie. **Daar is baie dinge wat God in die wêreld en ons lewens doen sonder dat ons dit agterkom of daarvan bewus is** (Joh 3:8; Ps 139:5-6).

**Ons kan dit gerus erken, waardeer en daaroor opgewonde raak. God verdien ons verwondering.**

*Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid, **saam met ds Gerhard wil ek sê:"Mag jy daarin slaag om op die Goddelike, die mooi en die lewe te konsentreer. Mag jy fokus behou. En mag jy God se werk in jou en ander mense opnuut waardeer".***

*Ds Leon Tait*



Maandblad
NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Jubeljaar 60
SEPTEMBER 2014




**IN HIERDIE UITGAWE:**

| | |
|---|---|
| Greep verloor? | 2 |
| Omgeegroepe | 4 |
| Nuwe Intrekkers: Julie 2014 | 5 |
| God verdien ons verwondering | 12 |

# Greep-verloor ?



'n Chinese spreuk lui: as jy jou greep verloor, is jou las swaarder. Persone wat op plase groot geword het kan jou vertel hoe dit werk. Wanneer jy water in 'n emmer onder by die spruit gaan haal en 'n ent moet dra na die punt waar dit benodig word voel jy dit in jou hande, jou arms en dan in jou skouers. Dit voel naderhand of jou arms uit jou skouer skeur. Wanneer jou greep dan skiet-gee dan voel dit of die emmer water nog swaarder word.

Min dinge kan 'n mens so wanhopig en moeg maak as wanneer jy voel jy het greep verloor op die lewe. Dit gebeur so maklik. Dink maar aan die bekende akteur Robin Williams (Mrs Doubtfire) wat onlangs sy eie lewe geneem het. Hy het byna elke moontlike vorm van sukses en prestasie bereik en tog het alles net vir hom te veel geword. Ons is verseker maar brose kleipotte op ons beste.

Wanneer die laste van die lewe op jou toesak soos zoemende bye kan dit nogal moeilik raak nie waar nie? Al die gejaag, die bekommernis, siekte, krisisse, hartseer, eise, stress en uitdagings van die lewe kan skielik op 'n dag net te swaar voel om te dra.... en dan verloor 'n mens greep. Miskien voel jy vandag so.

Dit is menslik en ons almal ken iets daarvan. Selfs in die Bybel hoor ons hoe opregte gelowiges soms stoei en sug om greep te behou. Die goeie nuus is egter die Heer verstaan ons beter as wat ons dink, daarom het Jesus die mooiste woorde ooit in die vorm van 'n ooparm-uitnodiging aan ons gerig: *Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee (Mat 11:28).*

Wanneer ons die Psalms lees hoor ons dikwels hoe gelowiges ook worstel om greep te behou. In omgang met God raak hul ontslae van ulk an wat hul grond toe trek. Byna elke keer hoor ons hoe dieselfde persone dan hul hart uitstort voor die Here en nuwe hoop vind. ulk an dan weer sing en loof!

*Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God! (Psalm 42:11)*



# GEBED OM GOD SE GLIMLAG VAN LIEFDE

*Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! "So moet die priesters my Naam oor die Israeliete uitroep, en Ek sal hulle seën." - Numeri 6:24-27*


Die mag van 'n opregte glimlag is 'n lewende werklikheid. Dit openbaar liefde en toegeneentheid, sowel as goedkeuring en ondersteuning.

Hierdie seënbede het God self aan Moses en die Leviete gegee om vir sy guns en redding te bid. Die Leviete sou die seënbede oor die Israeliete uitspreek, en God sou wat die Leviete bid tot uitvoering bring.

God leer dus vir Moses en die Leviete dat God op sy mense sal glimlag. Wat 'n voorstelling van die lewende God! Hy leer ons om te bid dat Hy tot ons redding sal verskyn. Hy wil hê ons moet Hom vra om ons te beskerm, te red en te seën.

Neem die woorde van hierdie eeue oue, godgegewe gebed en gebruik dit om te bid vir iemand wat jy ken en liefhet.

Solly Ozrovech
(Van Aangesig to Aangesig)



## Alles kan in 'n oogwink verander

Want God werk op vreemde wyses.
Sy wil is nie ons wil nie.
Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie.
Sy tyd is nie ons tyd nie.

**Daarom moet jy:**
Diep dink, saggies praat, baie liefhê, vriendelik wees, gereeld lag, blymoedig gee, opreg bid, hard werk en voluit lewe.

Want elkeen wat goed lewe, lewe lank, want ons lewenstyd word nie bereken in jare, dae of ure nie.

**Onthou veral:**
Vreugde en selfs liefde, sterf as jy dit nie vertroetel nie.

Daarom is dit nou tyd dat ons
Met sagte hande aan mekaar begin vat
Met sagte oë na mekaar begin kyk
Met sagte tonge met mekaar praat en
'n daaglikse dosis lag inkry!



<u>Toe God jou vanoggend sien,</u>
<u>Net toe jy jou oë oopmaak, het Hy vir die engele gesê!</u>
<u>Los alles…. Kom kyk gou!</u>
<u>DIS MY KIND!!</u>



Hoor hoe aangrypend stel die Message vertaling dit: *Why are you down in the dumps, dear soul? Why are you crying the blues? Fix my eyes on God—soon I'll be praising again. He puts a smile on my face. He's my God (Psalm 42:11)*

Al voel dit soms of jy greep verloor, onthou jy het nie vir God verloor nie! Om die waarheid te sê Sy greep hou jou stewig vas (ook wanneer jy en ek greep verloor).

Daarom kan ons met hoop leef! 'n Hoopgevulde reis die res van die 50dae!

***ds Leon van Heerden***

## !! ONTHOU DATUMS !!

- **<u>13 Sept:</u>** Karnaval
- **<u>21 Sept:</u>** 50 dae reeks afsluiting
- **<u>24 Sept:</u>** Vakansiedag - Erfenisdag
- **<u>26 - 28 Sept:</u>** Gemeente Kamp

Sien jou daar!





**<u>BOOMSLOPING</u>** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**<u>GRATIS</u>** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com

## *Omgeegroep 'n plek van deernis, versterking en vreugde*


Omgeegroepe

Ons gee om.

Om deel van 'n omgeegroep te wees bied vir jou:

- geleentheid om tuis te kom en te voel jy behoort.
- 'n geleentheid tot geestelike groei. Dit is die beste kweekhuis vir geestelike groei.
- 'n geleentheid om met jou gawe te dien in 'n veilige kring.
- 'n liefdeskring wat jou ondersteun in moeilike tye.
- 'n plek waar jy gesonde vriendskappe bou.
- 'n liefdeskring waarbinne jy kan heel word.

Hoor wat sê omgeegroeplede:




*Ons ontvang jou met oop arms!*

Kom skakel in by 'n groep. Kontak Tom Rademeyer vir meer inligting by 082 372 9803 of ds Leon van Heerden by 083 660 1803



NG RIETFONTEIN-SUID KARNAVAL

deur Christus-liefde gee ons vir almal om

# 13 September 2014

# 7:00 tot 14:00

# Adelaars Sportterrein 18de Laan, Meyerstraat Wonderboom-Suid

Parkering Beskikbaar

**Navrae:**


Herman Labuschagne

082 461 1152

**Mini-Krieket**



## Posbusse van Lidmate Rietfontein Suid



Met die maandelikse aflewering van die Rietfluite sien ek verskillende posbusse van ons lidmate. Die variasie is baie groot, sowel in grootte, kleur en voorkoms.

By sekere huise is dit net n gat in die muur, klein of groot en jy hoop dit val nie in 'n vullishouer agter die muur nie! Ander het die posbus 'n halwe meter agter die palisade heining en met honde moet jou "timing" reg wees. Sekere posbusse moet jy twee hande gebruik, een om die deksel op te lig en die ander om in te gooi.

Sekere posbusse het n wydte van 'n skamele 10cm en dit beteken jy moet alles dubbel vou. Natuurlik is daar ook huise wat GEEN posbus het nie en dan hoop ek maar dat die Rietfluit in die hek wel gevind sal word.

Die kleur van die posbusse wissel van 'n vaal posbussie, kleurvolle bus of een met pragtige koper nommers. Ek wonder of dit iets van die bewoners ook sê? Woonstel posbusse is soms so vol dat ek hard moet druk om die Rietfluit tussen die ander pos en advertensies in te kry. Dan wonder ek, "leef die bewoner nog".

Die huisnommers is net so interessant. Dit wissel van net geverfde nommers op die straat se randsteen tot 'n pretige nommertjie iewers op die huis se gewel. Selde is die nommer by die posbus self. En o ja sommige huise het GEEN nommer nie. Dan raai jy maar met die nommers van beide bure watter is die regte huis. Dit laat jou dink. Op die vullishouers adverteer ons met groot nommers die huisnommer. Eintlik snaaks!

Dan dink ek dat ons gelukkig is, want as die Here jou kom haal het hy nie 'n posbus of huisnommer nodig nie.

Met vriendelike groete van die anonieme aflewenaar.


***Maandpak***

- 1 x 1Kg Pin Gel
- 1 x 1L Bleach
- 1 x 1L Thick Bleach
- 1 x 1L Multi Purpose Cleaner
- 1 x 1L Dishwash Liquid
- 1 x 1L Liquid Hand Wash
- 1 x 2L Fabric Softener
- 1 x 2Kg Laundry Powder
- 1 x Premium Single Ply Toilet Paper 10's

**R200.00**

***Vervang Premium 1Ply Toilet Paper 10's with 48's 1Ply Econo Toilet Paper vir slegs R280.00***

***Vir 'n volledige Pryslys kontak ons asb op die onderstaande nommer of e pos adres.***

**Ons lewer af!!!**

**Tel: 072 399 5967**

**Email: quelinchemicals@gmail.com**

QUELIN CHEMICALS




# Nuwe Intrekkers

## Julie 2014





Cora Tiggelman



Elna van Deventer



Johanna Roux en Amanda Swart

**AFSKOPBOODSKAP VAN 50 DAE**
**WAAROM ONS MET HOOP LEEF**
**2 KORINTHIËRS 4:7-18**













Ons het verseker genoeg rede om met hoop te leef

